SAKE 24 (Beeld)
Friday, 25 July 2008, p. 7

Holiday Inn in Sandown verkoop

Elma Kloppers,
Johannesburg

In 'n mark waar bates moeilik verkrygbaar is, gaan die Hospitality Property Fund die nuwe vierster Holiday Inn in Sandown teen R400 miljoen verkry van Central Plaza Investments 28.

Dié 301-kamer-hotel van 18 561 m² is in aanbou oorkant die Village Walk-winkelsentrum, in een van die voorste sake-gebiede in die land.

Die verkryging strook met Hospitality se oogmerk om sy beleggingsportefeulje uit te brei deur die verkryging van gehalte bates wat die portefeulje verder sal diversifiseer en oor die potensiaal beskik om eenheidshouers se opbrengste te verhoog, sê mnr. Gerald Nelson, uitvoerende hoof van Hospitality. Hy sê daar is steeds 'n ernstige tekort aan hotel-akkommodasie in die meeste metropolitaanse gebiede.

'n Onafhanklike waardasie deur JHI het die waarde van die hotel op R470 miljoen beraam. Die koopsom verteenwoordig 'n 14,9%-diskonto teenoor die ope markwaarde en sal waarskynlik deur die maatskappy se bestaande skuldgeriewe verhaal word.

Hospitality is 'n genoteerde eiendomsleningseffektemaatskappy, wat belê in eiendomme in die hotel- en gasvryheidsektor. Die maatskappy se portefeulje van sowat R2,5 miljard sal na dié verkryging belange in 23 hotel- en oordeiendomme behels. Onder die maatskappy se bates tel die Radisson Hotel Waterfront in Kaapstad, Mount Grace Country House & Spa, die Rosebank Birchwood-hotel en konferensiegeriewe en vyf Courtyard-hotelle.

Die verkryging is onderworpe aan die nodige goedkeuring en die hotel sal na verwagting sy deure in September vanjaar open.

Volgens mnr. Evan Jankelowitz, medehoof van Stanlib se eiendomsfondse is die Sandown-hotel " 'n goeie bate wat in 'n sterk mark vir hoteloperateurs inkom".